In ritme?

Eks 12:1-14; Lev. 23:15-21; Lev. 23:39-43; Kol 2:13-17

Inleiding

- 2016 wat kom is op 'n manier voorspelbaar.
  - Datums is klaar vas op die kalender.
    - Dalk het jy al klaar besluit wat om met jou langnaweke te maak,
    - jy het 'n idee oor die vakansiedae
    - Dis nou hard werk tot by die April-vakansie,
      - dan kom die eerste regte ruskansie,
    - maar kort daarna is dit Paasnaweek...
      - ...lekker langnaweek.
    - Dan kom die Junie vakansie
      - party vlug na die warm plekke van die land
    - en dan byt ons weer vas vir Desember.
  - Dit is min of meer ons ritme
    - ...dis waarvoor jy regmaak die jaar.

- Maar Israel het 'n ander ritme gehad.
  - 'n Ritme wat vir hulle bestaan het uit hulle feeste...
    - en een wat eintlik bedoel is om ook ons lewensritme te bepaal.

- Ons gaan nou na die drie groot feeste van Israel kyk.
  - en elkeen van hierdie feeste verduidelik op 'n unieke manier iets vir ons van die evangelie en Jesus se werk in ons deur die Gees,
  - daarom gaan ons eintlik vandag iets leer oor die ritme van die evangelie in ons lewens.
  - Om ons daarop in te stel vir 2016.

Agtergrond

- Israel het baie verskillende feeste gehad maar drie grotes het uitgestaan
    - die Pasgafees, Pinksterfees en Hutte fees.
    - Dit is al feeste wat verplig was vir al die mans van Israel om by te woon [vgl. Eks 23:17; Deut. 27:7]

- Lees:
    - Pasga: Eks 12:1-14;
    - Pinkster: Lev. 23:15-21;
    - Hutte: Lev. 23:39-43;
    - Jesus: Kol 2:13-17

- Hierdie drie feeste is in hierdie volgorde gevier.
    - Pasga in Maart/April
    - Pinkster 50 dae daarna,
    - en die huttefees in omtrent September.
    - Die rede is omdat hulle logies pas:

    - Pasga gaan veral oor Israel se bevryding uit Egipte begin lente,
    - Pinkster gaan oor die begin van die oes middel somer,
    - Huttefees gaan oor die einde voltooiing van die oes, net voor herfs,
        - en herinner ook weer terug na God se sorg toe hulle nog in die woestyn geswerf het.

- Nou... oor hierdie feeste sê Paulus in Kol 2v16

"[16]*Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier*

nie. [17]Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus."

- Soos wat jy in die buitelyne van 'n skaduwee
    - 'n idee kan kry van die dinge wat die skaduwee maak,
    - kry ons deur hierdie feeste 'n idee van God die Vader se werk in Jesus deur sy Gees.
        - Elke fees op sy eie gaan eintlik oor Jesus se werk in jou lewe,
        - maar ons gaan nou hierdie drie bymekaarsit
            - om die groter ritme daarvan vir ons lewens te ontdek

Pasga-fees - Die begin van my lewe

- God het die pasga ingestel nadat Israel uit Egipte gered is met die laaste van die 10 plae.
    - Onthou, ...Israel moes 'n lammetjie slag en sy bloed aan die kosyne smeer sodat die dood by daardie huis sou verbygaan.
    - Die maklikste om die spesiale betekenis hiervan te onthou is om te dink aan die ou Engelse woord hiervoor "Pass-over",
        - "verby-gaan" en dit is presies wat die Hebreeuse woord
        - "Peshag" /pasga beteken: verbygaan.
        - Ons noem dit vandag paasfees. - anglisisme

- Nou, eeue later, presies toe die paasfees in Jerusalem aan die gang was,
    - het die Jode ook 'n Lam gevat, doodgemaak en aan 'n hout opgehang...

- sodat God ook by die sonde van mense sou 'pass-over' - verbygaan.

- Jesus het geweet dit kom en eintlik 'n dag voor dit gebeur het
  - as deel van die paasfees vir sy vriende verduidelik dat dit eintlik sy liggaam en bloed is wat geoffer word...
  - Hy is die paaslam van God wie se bloed maak
    - dat die dood verby mense sal gaan wat Hom vertrou
    - en hulle sal vir die eerste keer werklik kan lewe
  - 'n Regte fees hê oor Jesus... is dit hoe jy oor Hom voel?

- Wonderlik! ... maar nog net die begin van ons lewe,
  - hoe pas die ander skaduwees hierby in?

Pinkster - Die energie van my lewe

- Die tweede groot fees is die fees van weke.
  - Dit word so genoem omdat hierdie fees presies 7 weke gevier word na die paasfees.
  - Dit is omtrent 50 dae en daarom word dit in Grieks 'pentakoste' en vandaar in Afrikaans pinkster genoem.

- Teen hierdie tyd het die eerste bietjie van die oes begin inkom.
  - Hulle was bly oor die eerste tekens dat God vir hulle sorg.
  - 'n Teken dat God wat hulle uit Egipte gered het ook sy beloftes om vir hulle te sorg nakom.

- Pinksterfees as die eerste vrug van die oes
    - is die skaduwee van die eerste manier waarop Jesus jou versorg,
        - deur sy eie Heilige Gees.
        - Dit is waar die opbou en groei krag vir jou lewe lê

    - Dit is hoekom Jesus juis op die dag van die Pinksterfees die Heilige Gees vir sy volgelinge gegee het [vgl. Hand 2].
        - Paulus noem die Heilige Gees "die eerste gawe" [Rom 8:23]
        - Die Heilige Gees,
            - wat ons met nuwe oë na die wêreld laat kyk,
            - aan Jesus en die evangelie herinner,
            - ons bemoedig, ons lei, versterk, waarsku, troos, ons gawes gee
        - is daarom ons lewensenergie

    - Is jy ingestel op Hom as jou reisgenoot vir hierdie jaar
        - Hoor jy as Hy jou lei
        - Luister jy dan gehoorsaam in vertroue?
        - Dis al hoe die groei en die lewe in jou lewe invloei

- Pasga is dus die begin van ons lewe deur Jesus
    - en Pinkster is die energie van ons lewe deur sy Gees!
    - ...nou die hutte-fees.

Die huttefees - Die einde van my lewe

- Die hutte-fees is ook die fees van die 'insameling' genoem.
    - Dit is gevier aan die einde van die oes seisoen.

- Wanneer al die lande en wingerde en boorde afgeoes is
  - was dit 'n 7dae vakansie van vrolik wees omdat die werk klaar was en die hele oes uiteindelik in is.

- Maar waar kom die naam hutte-fees vandaan?
  - Omdat hierdie fees ook gebruik is om 'n ander geleentheid van God se sorg vir sy mense te vier...
  - die tydperk wat hulle vir 40 jaar as vreemdelinge in die woestyn rondeverdwaal het.
  - Hulle het toe in allerhande hutte gebly wat van takke gemaak is
    - maar is deur God versorg met manne en kwartels.
  - Hy het hulle bewaar tot die tyd van die oes reg was.

- ...Maar hierdie fees is besonders omdat dit nog nie in vervulling gegaan het nie!
  - Die eintlike huttefees - die einde van die oestyd en woestyntyd kom nog.

  - Ons is vandag nog in hierdie oestyd en woestyn.
    - Oestyd op 'n plaas is hardewerk-tyd.
    - Vroeg opstaan, sweet en blase op die hande.
    - Daar moet nog hard gewerk word om die volle oes in te kry.
  - En dis woestyn tyd
    - – daar was 'n hele stuk tussen die slawe lewe in Egipte en die volle vrede van die land van melk en heuning.
    - Daar is nog 'n entjie van afhanklik wees van God se manne en kwartels voor ons in die beloofde land kom.

- Eers wanneer Jesus weer kom en die oes- en woestyn-tyd verby is,
    - kom die 7dae vakansie-hou en vrolik wees van die huttefees.

Die waarde van hierdie ritme

- Twee dinge van hierdie feeste help ons om die wonder van hierdie ritme te verstaan:
    - Hulle het saam 'n geheel betekenis gehad - ,
        - al drie was verplig vir alle mans.
        - een skaduwee
    - En tweedens moes dit herhaaldelik gevier word.

- Kom ons kyk:

- Die pasga, pinkster en die huttefees is een skaduwee van als wat Jesus die Christus vir ons kom oopsluit het.
    - Dit vorm saam die ritme van ons lewe en ons kan nie dele ignoreer nie

    - As jy jou lewensritme net anker in Jesus se dood en opstanding,
        - vergeet jy van die Heilige Gees wat jou elke dag al hoe meer wil laat breek met sonde,
        - en jou wil help om uit geloof en vertroue ook goeie vrug te dra
        - dan sê jy:
            - 'my saak' met die Here is reg...
                - maar dit hoef bv nie
                    - my seksualiteit
                    - of my eerlikheid te raak nie.

        - Ek wil nou eers hierdie ding doen wat ek weet verkeerd is
            - Ek sal later vir God vergifnis vra

    - As jy net eng fokus op pinkster en die Gees
        - vergeet jy maklik dat jy in Jesus klaar gered is
        - en dat ons nie deur die Gees snaakse dinge moet doen om nog gered te word nie
        - Dan sê jy:
            - Ja, Jesus, ...maar jy moet ook hard werk
            - jy moet ook darem in tale kan praat
            - jy moet darem mense salf
            - jy moet darem reg lewe
                - als hierdie dinge om nou regtig God se genade te beleef.

    - En as jy maar net oë toeknyp en wag vir die 7 dae vrolikheid - huttefees
        - vergeet jy dat Jesus jou vrygemaak het ook vir nóú,
        - en sy Gees gegee het vir *vandag*!
        - dan sê jy:
            - ek hoor al hierdie dinge van Jesus se roeping en die krag van sy Gees
            - maar ek sal eintlik net gewoon aangaan met my lewe
                - spaar vir my pensioen en vakansies
                - en aande voor die TV
            - en wag vir die hemel.

- Die lewensritme, die hartklop, wat in Jesus se dissipels lewe is dit:
    - Jesus alleen die begin van my lewe,

- die Heilige Gees en sy Woord die energie en kompas van my lewe,
- die einde van die fees die hoogtepunt van my lewe wat my juis vandag laat aanhou werk.

- Die feeste teken saam eintlik een prentjie van ‘n dissipel se lewe.

- Die tweede ding van hierdie feeste is: dit herhaal
  - Die volk het opdrag gehad om dit
    - oor en oor, jaar na jaar, dekade na dekade,
    - eeu na eeu te vier.

- Hoekom? Want ons vergeet maklik!

  - Aan die een kant spoel die golwe
    - van elke dag se krisisse so vinnig oor jou
    - dat jy gou vergeet
      - waar jy eintlik vandaan is,
      - waar jou krag eintlik lê en
      - waarheen jy eintlik op pad is.

  - Aan die ander kant wil my eie ego God en sy genade ook nie altyd naby hê nie.
    - Ek wil my eer soek, nie syne nie
    - Ek wil my koninkryk bou, nie syne nie
    - Trots wil ek regkom en myself bewys
      - en nie swak afhanklik wees nie

  - Daarom sien ons in die herhaling van hierdie feeste God se genade nog soveel duideliker...
    - Hy weet hoe gou ons vergeet en opstandig raak

        - Maar geduldig kom hy dit oor en oor onder ons neuse indruk.

- Die punt is:
    - Al hierdie feeste sáám is die skaduwee van die volheid wat Jesus die Christus vir ons is
    - Deur die jaar beweeg ons van sy een hoogtepunt na ‘n volgende.
    - Dit is eerder die ritme waarin ons behoort te lewe in 2016...
        - Eerder... as om maar vas te byt vir die langnaweke en vakansies.

Slot

- Die hele evangelie is die ritmiese hartklop van die gelowige se lewe.
    - Dit is nie maar ’n vaal boodskappie dat Jesus vir jou sonde betaal het en jy gaan hemel toe nie.
    - Dit is ’n ryk waarheid wat in die geskiedenis van Israel deur God ingeweef is.
- ’n Ritme wat
    - In die jaar ingeweef is om ons te herinner
    - aan wat ons elke dag kan beleef

- Mag die ritme van die rykdom van God elke dag in en deur ons lewens klop.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
17 Januarie 2015